

**19 Maart**

**Skrifgedeelte: Genesis 38:1-39:23**

**God kies ons nie omdat ons so wonderlik is nie**

Hier is twee verhale: Die een handel oor Juda en Tamar en die ander oor Josef en Potifar. Juda was bygelowig, pleeg onreg teenoor 'n weduwee en het geen beswaar om met 'n prostituut gemeenskap te hê nie. Daarby is hy 'n voorbeeld van dubbele standarde. Josef, aan die ander kant, weerstaan die versoeking en is die toonbeeld van iemand wat aan God getrou wil bly.

Tog kies God vir Juda as voorouer van Christus. Tamar, wat bedrog pleeg en die familie in die skande bring, is een van die vier vroue wat in Christus se geslagsregister genoem word. Die kuise Josef, wat so 'n belangrike man was, word daarenteen skaars weer in die Bybel genoem. God kies mense nie omdat hulle so wonderlik is nie. Hy kies hulle uit genade.

Josef word in die tronk gegooi. Dit lyk of sy getrouheid aan die Here nie betaal nie. Tog is dit deel van God se pad met hom om hom onderkoning in Egipte te laat word. Die lydensweg van God se kinders is dikwels net 'n tree op die pad na dit wat God met hulle wil bereik.

Elke tree van Christus se lydensweg was deel van God se plan om ons te verlos. En dit het Hy nie gedoen omdat ons so wonderlik is nie, inteendeel, Hy het dit gedoen ondanks wie en wat ons is. Dit is net genade!

Sing: Psalm 31:17

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)